

BUITENGEWONE



EXTRAORDINARY

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

Vol. CLXVIII.]

PRYS 6d.

KAAPSTAD, 27 JUNIE 1952.
CAPE TOWN, 27TH JUNE, 1952.

PRICE 6d. [No. 4873.

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word ter algemene inligting gepubliseer:—

No. 1416.] [27 Junie 1952.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:

	BLADSY
No. 40 van 1952: Wysigingswet op Magistraatshowe, 1952	2
No. 41 van 1952: Wysigingswet op Edele en Onedele Metale, 1952	20
No. 43 van 1952: Wysigingswet op Regtersalarisse en -pensioene, 1952	24
No. 44 van 1952: Wysigingswet op Volksgesondheid, 1952	26
No. 47 van 1952: Wysigingswet op Wyn, Spiritualieë en Asyn, 1952	48
No. 48 van 1952: Wysigingswet op Werkloosheidsversekering, 1952	50
No. 49 van 1952: Wysigingswet op die Pensioenwette, 1952	58
No. 50 van 1952: Finansiewet, 1952	62
No. 51 van 1952: Wysigingswet op Seëlregte, 1952	70
No. 54 van 1952: Wet tot wysiging van die Naturelle-wette, 1952	72
No. 55 van 1952: Wysigingswet op die Kieswette, 1952	106

OFFICE OF THE PRIME MINISTER.

The following Government Notice is published for general information:—

No. 1416.] [27th June, 1952.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to assent to the following Acts which are hereby published for general information:

	PAGE
No. 40 of 1952: Magistrates' Courts Amendment Act, 1952	3
No. 41 of 1952: Precious and Base Metals Amendment Act, 1952	21
No. 43 of 1952: Judges' Salaries and Pensions Amendment Act, 1952	25
No. 44 of 1952: Public Health Amendment Act, 1952	27
No. 47 of 1952: Wine, Spirits and Vinegar Amendment Act, 1952	49
No. 48 of 1952: Unemployment Insurance Amendment Act, 1952	51
No. 49 of 1952: Pension Laws Amendment Act, 1952	59
No. 50 of 1952: Finance Act, 1952	63
No. 51 of 1952: Stamp Duties Amendment Act, 1952	71
No. 54 of 1952: Native Laws Amendment Act, 1952	73
No. 55 of 1952: Electoral Laws Amendment Act, 1952	107

No. 40, 1952.]

WET

Tot wysiging van die Magistraatshowewet, 1944, en die wetsbepalings betreffende strafprosesreg en bewysleer vir sover dit daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 20 Junie 1952.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

Woordbepaling.

1. In hierdie Wet beteken—

„Hoofwet”, die Magistraatshowewet, 1944 (Wet No. 32 van 1944);

„Strafwet”, die „Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 1917” (Wet No. 31 van 1917), soos gewysig.

Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 1944.

2. Artikel *een* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur na die omskrywing van „praktisyn” die volgende omskrywing in te voeg:

„notuleer’ om skriftelik of in snelskrif of op meganiese wyse af te neem en het „genotuleer’ ’n ooreenstemmende betekenis.”

Wysiging van artikel 2 van Wet 32 van 1944.

3. Artikel *twee* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(a) deur na paragraaf (a) die volgende nuwe paragraaf in te voeg:

„(a)*bis*. streek-afdelings instel bestaande uit ’n aantal distrikte, of uit ’n distrik tesame met een of meer sub-distrikte, en die naam bepaal waaronder ’n streek-afdeling bekend sal staan;”;

(b) deur die volgende nuwe paragraaf na paragraaf (d) in te voeg:

„(d)*bis*. ’n hof vir ’n streek-afdeling instel ten einde persone wat van ’n misdryf beskuldig is te verhoor, wat verhoogde jurisdiksie soos hieronder bepaal sal hê;”;

(c) deur na paragraaf (e) die volgende nuwe paragraaf in te voeg:

„(e)*bis*. een of meer plekke in elke streek-afdeling bepaal vir die hou van hofsittings vir so ’n streek-afdeling;”;

(d) deur in paragraaf (h) na die woord „enige” waar dit vir die tweede maal voorkom die woorde „streek-afdeling of” in te voeg.

Wysiging van artikel 3 van Wet 32 van 1944.

4. Artikel *drie* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (3) na die woord „sub-distrik” waar dit vir die eerste maal voorkom in te voeg die woorde „en geen streek-afdeling” en waar dit vir die tweede maal voorkom in te voeg die woorde „of afdeling”.

Wysiging van artikel 4 van Wet 32 van 1944.

5. Artikel *vier* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(a) deur sub-artikel (2) te skrap;

(b) deur in sub-artikel (3) die woorde „behalwe ’n skuldbeslagorder, bevelskrif of lasbrief” te skrap.

Wysiging van artikel 5 van Wet 32 van 1944.

6. Artikel *vyf* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (4) na die woord „plek” die woorde „hetsy binne of buite die regsgebied van die hof,” in te voeg.

Wysiging van artikel 6 van Wet 32 van 1944.

7. Artikel *ses* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (1) die woorde „taken down” in the Engelse teks deur die woord „recorded” te vervang.

Wysiging van artikel 9 van Wet 32 van 1944.

8. Artikel *nege* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (1) na die woord „assistent-magistrate” die woorde „en vir elke streek-afdeling ’n magistraat of magistrate” in te voeg, en aan die end van genoemde sub-artikel die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

No. 40, 1952.]

ACT

To amend the Magistrates' Courts Act, 1944, and the law relating to criminal procedure and evidence in matters incidental thereto.

(Afrikaans text signed by the Governor-General.)
(Assented to 20th June, 1952.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. In this Act— Definitions.
 - “principal Act” means the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944);
 - “Criminal Code” means the Criminal Procedure and Evidence Act, 1917 (Act No. 31 of 1917), as amended.

2. Section *one* of the principal Act is hereby amended by the insertion after the definition of “practitioner” of the following definition: Amendment of section 1 of Act 32 of 1944.
 - “‘to record’ means to take down in writing or in shorthand or to record by mechanical means and ‘recorded’ has a corresponding meaning.”

3. Section *two* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 2 of Act 32 of 1944.
 - (a) by the insertion after paragraph (a) of the following new paragraph:
 - “(a)*bis*. create regional divisions consisting of a number of districts, or of a district together with one or more sub-districts, and declare the name by which any regional division shall be known;”
 - (b) by the insertion after paragraph (d) of the following new paragraph:
 - “(d)*bis*. establish a court for any regional division for the purpose of the trial of persons accused of committing any offence, which shall have increased jurisdiction as hereinafter provided;”
 - (c) by the insertion after paragraph (e) of the following new paragraph:
 - “(e)*bis*. appoint one or more places in each regional division for the holding of a court for such regional division;”
 - (d) by the insertion in paragraph (h) after the word “any”, where it occurs for the second time, of the words “regional division or”.

4. Section *three* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (3) after the word “sub-district” where it occurs for the first time of the words “and no regional division” and where it occurs for the second time of the words “or division”. Amendment of section 3 of Act 32 of 1944.

5. Section *four* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 4 of Act 32 of 1944.
 - (a) by the deletion of sub-section (2); and
 - (b) by the deletion in sub-section (3) of the words “other than a garnishee order, writ or warrant”.

6. Section *five* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (4) after the word “place” of the words “whether within or outside the jurisdiction of the court”. Amendment of section 5 of Act 32 of 1944.

7. Section *six* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the words “taken down” in the English version of the word “recorded”. Amendment of section 6 of Act 32 of 1944.

8. Section *nine* of the principal Act is hereby amended by the addition at the end of sub-section (1) of the words— Amendment of section 9 of Act 32 of 1944

„Met dien verstande dat—

- (i) 'n magistraat van 'n streek-afdeling ook die magistraat van 'n distrik kan wees; en
- (ii) niemand as 'n magistraat of waarnemende magistraat van 'n streek-afdeling aangestel word nie tensy hy die graad van Baccalaureus Legum van 'n universiteit binne die Unie deur die affê van 'n eksamen verkry het, of in die Hoër Wetseksamen van die Staatsdiens of 'n eksamen wat deur die Staatsdienskommissie as gelykwaardig geag word, geslaag het en vir minstens tien jaar as 'n magistraat, 'n addisionele magistraat of assistent-magistraat diens gedoen het.”

Wysiging van artikel 12 van Wet 32 van 1944.

9. Artikel *twaalf* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur aan die end van paragraaf (a) van sub-artikel (1) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat 'n sitting van 'n hof van 'n streek-afdeling slegs deur 'n magistraat van die streek-afdeling gehou kan word.”

Wysiging van artikel 14 van Wet 32 van 1944.

10. (1) Artikel *veertien* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

(a) deur sub-artikel (1) deur die volgende nuwe sub-artikel te vervang:

„(1) Met inagneming van die wetsbepalings op die Staatsdiens van die Unie, kan die Minister vir elke hof, of indien daar in een of ander distrik meer as een plek bepaal word vir die hou van hofsittings vir daardie distrik, dan ten opsigte van elke aldus bepaalde plek iemand wat 'n amptenaar in bedoelde diens is as geregsbode van sodanige hof en so 'n aantal persone wat sodanige amptenare is as wat nodig mag wees as adjunk-geregsbodes van sodanige hof aanstel: Met dien verstande dat indien die werksaamhede wat deur so 'n geregsbode of adjunk-geregsbode verrig sou word, na die mening van die Staatsdienskommissie nie voldoende is om minstens een persoon gedurende die hele jaar ten volle besig te hou nie, en geen amptenaar in bedoelde diens na die mening van bedoelde Kommissie in staat is om die werksaamhede van so 'n geregsbode of adjunk-geregsbode tesame met sy gewone werksaamhede te verrig nie, of indien die Minister van mening is dat die werksaamhede van so 'n geregsbode of adjunk-geregsbode op bevredigende wyse en teen minder koste vir die Staat deur iemand wat nie so 'n amptenaar is nie verrig kan word, die Minister sonder inagneming van voormelde wetsbepalings iemand wat nie 'n amptenaar in bedoelde diens is nie as so 'n geregsbode of adjunk-geregsbode kan aanstel teen so 'n besoldiging en op sulke voorwaardes as wat die Minister mag bepaal.”;

(b) deur sub-artikel (6) deur die volgende nuwe sub-artikel te vervang:

„(6) Wanneer daar in een of ander saak beswaar gemaak word teen die diening of tenuitvoerlegging van 'n prosesstuk deur 'n geregsbode of sy adjunk op grond van die belang van so 'n geregsbode of adjunk by so 'n saak, of van die verwantskap van so 'n geregsbode of adjunk aan een van die partye in die saak of om enige ander gegronde rede van wraking, of wanneer dit vanweë die siekte of afwesigheid van die geregsbode, of vanweë enige ander goeie en voldoende rede nodig is om 'n waarnemende geregsbode aan te stel, dan kan die magistraat iemand aanstel om aldus waar te neem.”;

(c) deur in sub-artikel (7) na die woord „praktisyn” waar dit vir die eerste maal voorkom in te voeg die woorde „of 'n eiser”, en waar dit daarna in genoemde sub-artikel voorkom, asook waar dit in sub-artikel (8) voorkom in te voeg die woorde „of eiser”.

(2) Die bepalinge van paragrawe (a) en (b) van sub-artikel (1) word geag vanaf die tweede dag van Julie 1945 in werking te gewees het.

Wysiging van artikel 15 van Wet 32 van 1944.

11. Artikel *vyftien* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

- (i) deur in sub-artikel (1) die woorde „of adjunk-geregsbode” waar hulle vir die eerste maal voorkom, te skrap;
- (ii) deur die woord „adjunk-geregsbode” waar dit vir die tweede maal in genoemde sub-artikel voorkom deur die woord „geregsbode” te vervang; en

"and for every regional division a magistrate or magistrates: Provided that—

- (i) a magistrate of a regional division may also be the magistrate of a district; and
- (ii) no person shall be appointed as a magistrate or acting magistrate of a regional division unless he has obtained by examination the degree of Bachelor of Laws from any university in the Union or has passed the Civil Service Higher Law Examination or an examination deemed by the Public Service Commission to be equivalent thereto and has served as a magistrate, additional magistrate or assistant magistrate for not less than ten years."

9. Section *twelve* of the principal Act is hereby amended by the addition to paragraph (a) of sub-section (1) of the following proviso: Amendment of section 12 of Act 32 of 1944.

"Provided that a court of a regional division may only be held by a magistrate of the regional division."

10. (1) Section *fourteen* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 14 of Act 32 of 1944.

- (a) by the substitution for sub-section (1) of the following new sub-section:

"(1) Subject to the provisions of the law governing the public service of the Union, the Minister may appoint for every court, or if more than one place is appointed in any district for the holding of a court for such district, in respect of every place so appointed, a person who is an officer of the said service as a messenger of such court and so many persons who are such officers as deputy-messengers of such court, as may be necessary: Provided that if the duties to be performed by any such messenger or deputy-messenger are in the opinion of the Public Service Commission insufficient to keep at least one person fully occupied throughout the year, and no officer of the said service is, in the opinion of the said Commission, able to perform the duties of such messenger or deputy-messenger in addition to his ordinary duties, or if, in the opinion of the Minister, the duties of such messenger or deputy-messenger can be performed satisfactorily and at less cost to the State by a person who is not such an officer, the Minister may, without reference to the said law, appoint any person who is not an officer of the said service, as such messenger or deputy-messenger at such remuneration and upon such conditions as the Minister may determine.";

- (b) by the substitution for sub-section (6) of the following new sub-section:

"(6) Whenever in any matter objection is made to the service or execution of process by a messenger or his deputy by reason of the interest of such messenger or deputy in such matter or of the relation of such messenger or deputy to a party to such matter or of any other good cause of challenge, or whenever, by reason of the illness or absence of a messenger, or for any other good and sufficient reason, it is necessary to appoint an acting messenger, the magistrate may appoint a person so to act.";

- (c) by the insertion in sub-sections (7) and (8) of the words "or plaintiff" after the word "practitioner" wherever it occurs.

(2) The provisions of paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) shall be deemed to have been in force as from the second day of July, 1945.

11. Section *fifteen* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 15 of Act 32 of 1944.

- (i) by the deletion in sub-section (1) of the words "or deputy-messenger" where they occur for the first time;
- (ii) by the substitution for the word "deputy-messenger" where it occurs for the second time in the said sub-section of the word "messenger"; and

- (iii) deur in sub-artikel (2) die woorde „en 'n by skuldigbevinding opgelegde boete in die kas van daardie openbare liggaam gestort moet word, dan word die prosesstukke en alle ander stukke in die saak waarin so 'n vervolging plaasvind” te vervang deur die woorde „of wanneer kragtens een of ander wet 'n boete wat opgelê word by skuldigbevinding ten opsigte van 'n misdryf in die kas van 'n publieke liggaam gestort moet word, dan word die prosesstukke en alle ander stukke in die saak waarin 'n vervolging weens so 'n misdryf plaasvind”.

Wysiging van artikel 28 van Wet 32 van 1944.

12. Artikel *agt-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) na die woord „persone” die woorde „en niemand anders nie” in te voeg; en
 (b) deur aan die end van sub-paragraaf (ii) van paragraaf (e) van genoemde sub-artikel die woord „of” in te voeg en die volgende sub-paragraawe by genoemde paragraaf by te voeg:
 „(iii) sodanige geding ingevolge sub-artikel (2) van artikel *nege-en-sestig* ingestel is, en die persoon waarna daarin verwys word as „'n derde” binne die distrik woon, besigheid dryf of in diens is; of
 (iv) al die partye in die bevoegdheid van die hof toestem;”.

Wysiging van artikel 29 van Wet 32 van 1944.

13. Artikel *nege-en-twintig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in paragraaf (b) van sub-artikel (1) na die woord „perseel” waar dit vir die eerste maal voorkom die woorde „of van grond”, en waar dit vir die tweede maal voorkom die woorde „of grond” in te voeg.

Wysiging van artikel 53 van Wet 32 van 1944.

14. Artikel *drie-en-veertig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (2) van die Engelse teks die woorde „taken down” deur die woord „recorded” te vervang.

Vervanging van artikel 65 van Wet 32 van 1944.

15. Artikel *vyf-en-sestig* van die Hoofwet word hiermee deur die volgende nuwe artikel vervang:

„Ondersoek na finansiële toestand van skuldenaar. 65. (1) Indien 'n hof vonnis gevel het vir die betaling van geld en sodanige vonnis onvoldaan gebly het vir 'n tydperk van tien dae vanaf die datum waarop dit gevel is of vanaf die verstryking van die tydperk van opskorting ingevolge paragraaf (e) van artikel *agt-en-veertig* gelas, na gelang van die geval, kan die vonnisskuldeiser uit die hof van die distrik waarin die vonnisskuldenaar woon, besigheid dryf of in diens is, 'n kennisgewing uitreik waarby die vonnisskuldenaar aangesê word om voor daardie hof *in camera* te verskyn vir die doeleindes van 'n ondersoek na sy finansiële toestand.

(2) So 'n kennisgewing word deur die klerk van die hof onderteken en bepaal 'n deur hom vasgestelde dag vir die hou van die ondersoek; dit word aan die vonnisskuldenaar gerig en gee hom minstens sewe dae kennis van bedoelde ondersoek en bevat tewens 'n bevel aan die vonnisskuldenaar om by die ondersoek 'n staat oor te lê—

- (i) van sy bate en laste;
 (ii) van sy maandelikse of wekelijkse inkomste en uitgawes gestaaf deur dokumentêre bewyse, en indien hy besoldiging ontvang, 'n verklaring deur sy werkgewer waarin volledige besonderhede omtrent sodanige besoldiging verstrekkend word; en
 (iii) enige rekeningboek of geskrif in sy besit of bewaring of onder sy beheer, wat in bedoelde kennisgewing bepaal word.

(3) Die kennisgewing word deur die geregsbode aan die skuldenaar persoonlik bestel; ingeval persoonlike bestelling egter ondoenlik is, moet die geregsbode die vonnisskuldeiser daarvan verwittig en laasgenoemde kan dan by die hof *in camera* aansoek doen om opdrag met betrekking tot bestelling op 'n ander wyse. Die hof kan dan bestelling op enige ander deur die reëls betreffende bestelling van prosesstukke veroorloofde wyse, magtig.

- (iii) by the substitution in sub-section (2) for the words "and any fine imposed on conviction thereof is to be paid into the revenue of that public body, the process of the court and all other documents in the case in which such prosecution takes place" of the words "or whenever under any law any fine imposed on conviction in respect of any offence is to be paid into the revenue of a public body, the process of the court and all other documents in the case in which prosecution takes place for such offence".

12. Section *twenty-eight* of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 28 of Act 32 of 1944.

- (a) by the insertion in sub-section (1) after the word "be" of the words "the following and no other—";
- (b) by the insertion at the end of sub-paragraph (ii) of paragraph (e) of the said sub-section of the word "or" and the addition of the following sub-paragraphs to the said paragraph:
- "(iii) such proceedings are taken under sub-section (2) of section *sixty-nine* and the person therein referred to as the 'third party' resides, carries on business, or is employed within the district; or
- (iv) all the parties consent to the jurisdiction of the court."

13. Section *twenty-nine* of the principal Act is hereby amended by the insertion in paragraph (b) of sub-section (1) after the word "premises" wherever it occurs of the words "or land". Amendment of section 29 of Act 32 of 1944.

14. Section *fifty-three* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (2) of the English version for the words "taken down" of the word "recorded". Amendment of section 53 of Act 32 of 1944.

15. The following new section is hereby substituted for section *sixty-five* of the principal Act: Substitution of section 65 of Act 32 of 1944.

"Enquiry into financial position of debtor.

65. (1) If a court has given judgment for the payment of money, and such judgment has remained unsatisfied for a period of ten days from the date on which it was given or from the expiration of the period of suspension ordered under paragraph (e) of section *forty-eight*, as the case may be, the judgment creditor may issue out of the court of the district within which the judgment debtor resides, carries on business or is employed a notice calling upon the judgment debtor to appear before that court in chambers for the purpose of an enquiry into his financial position.

(2) Such notice shall be signed by the clerk of the court specifying a date fixed by him for the holding of the enquiry; shall be addressed to the judgment debtor giving him at least seven days' notice of such enquiry and shall require the judgment debtor to produce at the enquiry a statement—

- (i) of his assets and liabilities;
- (ii) of his monthly or weekly income and expenses, supported by documentary evidence and if he is in receipt of emoluments, a statement by his employer giving full particulars of such emoluments; and
- (iii) any book of account or other document in his possession or custody or under his control specified in such notice.

(3) The notice shall be served on the debtor personally by the messenger, but if personal service is impracticable, the messenger shall report such fact to the judgment creditor who may apply to the court in chambers for directions as to service in some other manner. The court may then authorize service in any other manner permitted by the rules relating to service of process.

(4) Nadat hy so 'n kennisgewing ontvang het, maar voor die datum vir die ondersoek bepaal, kan die vonnisskuldenaar die in paragrawe (i), (ii) en (iii) van sub-artikel (2) bedoelde dokumente aan die vonnisskuldeiser oorlê en 'n skriftelike aanbod doen om die skuld in paaiemente of andersins te vereffen. 'n Afskrif van sodanige skriftelike aanbod word onverwyld deur die vonnisskuldenaar by die klerk van die hof ingedien en die vonnisskuldeiser moet aan genoemde klerk meedeel of hy die aanbod aanvaar of afwys. Word so 'n aanbod aanvaar, dan gee die klerk van die hof die vonnisskuldenaar daarvan kennis, asook dat dit nie vir hom nodig is om by die ondersoek te verskyn nie en die hof kan, op die keerdag, 'n geskikte bevel kragtens sub-artikel (7) uitreik. Nadat so 'n bevel uitgereik is, gee die klerk van die hof die vonnisskuldenaar per aangetekende pos kennis van die bevel en van die inhoud daarvan.

(5) (a) Ingeval die vonnisskuldenaar versuim om op die in die kennisgewing bepaalde datum by die ondersoek te verskyn, kan die hof magtiging verleen vir die uitreiking van 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming.

(b) Op die datum waarop die vonnisskuldenaar ingeolge genoemde lasbrief voor die hof gebring word, kan die hof, op 'n summere wyse, ondersoek instel na die vonnisskuldenaar se versuim om aan die genoemde kennisgewing gehoor te gee of daaraan te voldoen, en tensy dit bewys word dat die vonnisskuldenaar 'n redelike verskoning gehad het vir sodanige ongehoorsaamheid of versuim, aan die vonnisskuldenaar 'n boete van hoogstens vyftig pond of by wanbetaling gevangenisstraf van hoogstens drie maande of sodanige gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete, oplê.

(c) Sodanige vonnis word uitgevoer en is onderworpe aan appèl asof dit 'n vonnis was in 'n strafsak, gevel in die Magistraatshof van die distrik waarin dit opgelê is.

(6) Wanneer die vonnisskuldenaar by die ondersoek verskyn, moet die hof *in camera* op versoek van die vonnisskuldeiser of uit eie beweging die vonnisskuldenaar oproep om getuienis onder eed aangaande sy finansiële toestand af te lê, en om die in paragrawe (i), (ii) en (iii) van sub-artikel (2) bedoelde dokumente (wat as bewys toelaatbaar is) oor te lê. Die hof veroorloof die verhoor of kruisverhoor van die vonnisskuldenaar ten aansien van alle aangeleenthede wat betrekking het op sy versuim om die vonnisskuld te vereffen, en ontvang sodanige verdere getuienis, deur òf die vonnisskuldenaar òf die vonnisskuldeiser aangevoer, wat by die vasstelling van die vonnisskuldenaar se finansiële toestand ter sake dien.

(7) Die hof kan, nadat hy die aangevoerde getuienis ontvang het—

(a) magtiging verleen vir die uitreiking van 'n lasbrief tot eksekusie teen die roerende of onroerende goed van die vonnisskuldenaar of sodanige gedeelte daarvan as wat die hof goed dink;

(b) 'n order ooreenkomstig artikel *twee-en-sewentig* uitvaardig;

(c) magtiging verleen vir die uitreiking van so 'n lasbrief, gepaard met 'n bevel kragtens artikel *drie-en-sewentig*;

(d) die vonnisskuldenaar beveel om die vonnisskuld in bepaalde periodieke paaiemente te vereffen;

(e) sodanige order betreffende die koste as wat regverdig mag wees, uitvaardig.

(8) By sodanige ondersoek kan die vonnisskuldenaar by die hof aansoek doen om die opskorting van die verrigtinge ten einde hom in staat te stel om 'n aansoek kragtens artikel *vier-en-sewentig* te doen. By so 'n aansoek kan die hof die verrigtinge tot 'n bepaalde datum uitstel. Indien op daardie datum geen aansoek deur die vonnis-

(4) On receipt of such notice, but before the date fixed for the enquiry, the judgment debtor may produce to the judgment creditor the documents referred to in paragraphs (i), (ii) and (iii) of sub-section (2) and make a written offer to liquidate the debt in instalments or otherwise. A copy of such written offer shall forthwith be filed by the judgment debtor with the clerk of the court and the judgment creditor shall inform the said clerk whether he accepts or declines the offer. If any such offer is accepted, the clerk of the court shall notify the judgment debtor of that fact and that he need not appear at the enquiry, and the court may, on the return day, make an appropriate order in terms of sub-section (7). Upon such an order having been made, the clerk of the court shall notify the judgment debtor by registered post of the order and of the terms thereof.

(5) (a) If the judgment debtor fails to appear at the enquiry on the date specified in the notice, the court may authorize the issue of a warrant for his arrest.

(b) On the date when the judgment debtor is brought before the court on the said warrant, the court may, in summary manner, enquire into the failure of the judgment debtor to obey or comply with the said notice, and unless it is proved that the judgment debtor had a reasonable excuse for such disobedience or failure, impose upon the judgment debtor a fine not exceeding fifty pounds, or in default of payment imprisonment for a period not exceeding three months or such imprisonment without the option of a fine.

(c) Such sentence shall be enforced and shall be subject to an appeal as if it were a sentence in a criminal case imposed by the Magistrate's Court of the district in which it was imposed.

(6) On the appearance of the judgment debtor at the enquiry the court in chambers shall at the request of the judgment creditor or *suo motu* call on the judgment debtor to give evidence on oath as to his financial position and to produce the documents referred to in paragraphs (i), (ii) and (iii) of sub-section (2) (which shall be admissible in evidence), and shall permit the examination or cross-examination of such judgment debtor on all matters affecting his failure to pay the judgment debt, and the court shall hear such further evidence as may be called either by the judgment debtor or the judgment creditor which is material to the determination of the judgment debtor's financial position.

(7) The court may, after having heard the evidence adduced—

(a) authorize the issue of a warrant of execution against the movable or immovable property of the judgment debtor or such portion of it as the court deems fit;

(b) make an order in terms of section *seventy-two*;

(c) authorize the issue of such warrant coupled with an order under section *seventy-three*;

(d) order the judgment debtor to pay the judgment debt by specified periodical instalments;

(e) make such order as to costs as may be just.

(8) At such enquiry the judgment debtor may apply to the court for a stay of the proceedings to enable him to make application in terms of section *seventy-four*. Upon such application the court may postpone the proceedings to a specified date. If upon such date no application in terms of section

skuldenaar kragtens artikel *vier-en-sewentig* gedoen is nie, word die verrigtinge ingevolge sub-artikels (6) en (7) voortgesit.

- (9) (a) Indien die vonnisskuldenaar versuim om aan 'n order uitgevaardig kragtens paragraaf (d) van sub-artikel (7) te voldoen, kan die hof, as die vonnisskuldeiser daarom aansoek doen, 'n order teen die vonnisskuldenaar uitvaardig om redes aan te voer waarom hy nie weens minagting van die hof ter gevangesetting verwys sal word nie.
- (b) Indien die vonnisskuldenaar versuim om op so 'n order te verskyn, of die hof nie oortuig nie dat hy weens omstandighede buite sy beheer nie in staat was om aan die order uitgevaardig kragtens paragraaf (d) van sub-artikel (7), te voldoen nie, kan die hof hom ter gevangesetting verwys vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae.
- (c) Die hof kan te eniger tyd sodanige order ter gevangesetting opskort of ophef op sodanige voorwaardes as wat die hof as billik en redelik mag voorkom.

(10) 'n Werkgewer wat, nadat hy deur 'n werknemer versoek is om 'n skriftelike verklaring bevattende volledige besonderhede aangaande sodanige werknemer se besoldiging te verstrek, versuim of nalaat om dit binne 'n redelike tydperk te doen of wat opsetlik of nalatiglik onjuiste besonderhede verstrek, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond."

Wysiging van artikel 66 van Wet 32 van 1944.

16. Artikel *ses-en-sestig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (1) na die woorde „voldoen nie” die woorde „of die hof, nadat gegronde redes aangevoer is, aldus gelas” in te voeg.

Vervanging van artikel 72 van Wet 32 van 1944.

17. Artikel *twee-en-sewentig* van die Hoofwet word hiermee deur die volgende nuwe artikel vervang:

„Skulde en besoldiging kan in beslag geneem word.

72. (1) (a) Die hof kan, na *ex parte*-aansoek deur 'n vonnisskuldeiser of ingevolge paragraaf (b) van sub-artikel (7) van artikel *vyf-en-sestig*, die inbeslagneming beveel van enige skuld wat dan of in die toekoms aan 'n vonnisskuldenaar verskuldig is of hom toekom, deur of van enige ander persoon (behalwe die Staat) wat in die distrik woon, besigheid dryf of in diens is, tot 'n bedrag wat voldoende is om die vonnis en die koste van die verrigtinge tot inbeslagneming te dek, hetsy die vonnis in daardie hof of in enige ander magistraatshof verkry is, en kan 'n order (hieronder 'n skuldbeslagorder genoem) teen so iemand (hieronder die beslagskuldenaar genoem) uitreik om aan die geregsbode soveel van die skuld te betaal as wat genoegsaam is om die vonnis en koste te dek, en kan so 'n skuldbeslagorder op dieselfde wyse ten uitvoer laat lê asof dit 'n vonnis van die hof was.

(b) Die hof kan voorts, op aansoek deur 'n vonnisskuldeiser en na kennisgewing aan die vonnisskuldenaar, of kragtens paragraaf (b) van sub-artikel (7) van artikel *vyf-en-sestig*, die inbeslagneming beveel van enige besoldiging wat dan of in die toekoms aan 'n vonnisskuldenaar verskuldig is of hom toekom deur of van enigiemand (met inbegrip van die Staat) wat in die distrik woon, besigheid dryf of in diens is, tot 'n bedrag wat nodig is om die vonnis en koste van die verrigtinge tot inbeslagneming te dek, hetsy die vonnis in daardie hof of in enige ander magistraatshof verkry is en kan 'n order (hieronder ook 'n skuldbeslagorder genoem) teen so iemand (hieronder ook die beslagskuldenaar genoem) uitreik om aan die geregsbode soveel van die besoldiging te betaal as wat genoegsaam is om die vonnis en koste te dek, en kan so 'n skuldbeslagorder op dieselfde wyse ten uitvoer laat lê asof dit 'n vonnis van die hof was.

seventy-four has been made by the judgment debtor, the proceedings shall be continued in terms of sub-sections (6) and (7).

- (9) (a) If the judgment debtor fails to comply with an order made in terms of paragraph (d) of sub-section (7), the court may on application of the judgment creditor make an order on the judgment debtor to show cause why he should not be committed for contempt of court.
- (b) If the judgment debtor fails to appear on such order, or fails to satisfy the court that he has been unable through circumstances beyond his control to comply with the order made in terms of paragraph (d) of sub-section (7), the court may commit him for a period not exceeding thirty days.
- (c) The court may at any time suspend or discharge such order of committal upon such terms as may appear to the court to be fair and reasonable.
- (10) An employer who, having been requested by an employee to furnish a written statement containing full particulars of such employee's emoluments, fails or neglects within a reasonable time to do so or who knowingly or negligently furnishes incorrect particulars, shall be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding twenty-five pounds."

16. Section *sixty-six* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the words "to satisfy the judgment" of the words "or the court, on good cause shown so directs".

Amendment of section 66 of Act 32 of 1944.

17. The following new section is hereby substituted for section *seventy-two* of the principal Act:

Substitution of section 72 of Act 32 of 1944.

"Debts and emoluments may be attached.

72. (1) (a) The court may, on *ex parte* application by a judgment creditor or under paragraph (b) of sub-section (7) of section *sixty-five*, order the attachment of any debt at present or in future owing or accruing to a judgment debtor by or from any other person (excluding the State), residing, carrying on business or employed within the district, to the amount necessary to satisfy the judgment and the costs of the proceedings for attachment, whether such judgment has been obtained in such court or in any other magistrate's court, and may make an order (hereinafter called a garnishee order) against such person (hereinafter called the garnishee) to pay to the messenger of the court so much of the debt as may be sufficient to satisfy the judgment and costs, and may enforce such garnishee order as if it were a judgment of the court.
- (b) The court may further, on application by the judgment creditor and after notice to the judgment debtor or under paragraph (b) of sub-section (7) of section *sixty-five*, order the attachment of any emoluments at present or in future owing or accruing to the judgment debtor by or from any person (including the State), residing, carrying on business or employed within the district, to the amount necessary to satisfy the judgment and the costs of the proceedings for attachment, whether such judgment has been obtained in such court or in any other magistrate's court, and may make an order (hereinafter also called a garnishee order) against such person (hereinafter also called the garnishee) to pay to the messenger of the court so much of the emoluments as may be sufficient to pay the judgment and costs, and may enforce such garnishee order as if it were a judgment of the court.

(2) Geen sodanige skuldbeslagorder ten opsigte van besoldiging word bloot op grond van toestemming van die vonnisskuldenaar uitgereik nie maar die hof moet, deur ondervraging van die vonnisskuldenaar of aan die hand van ander onder eed verstrekte inligting hom daarvan vergewis dat die vonnisskuldenaar, nadat aan die order voldoen is, genoegsame middele sal hê om homself en sy afhanklikes te onderhou.

(3) So 'n skuldbeslagorder kan die beslag-skuldenaar verplig om van tyd tot tyd aan die geregsbode bepaalde bedrae uit die besoldiging van die vonnisskuldenaar te betaal.

(4) Die vonnisskuldenaar moet in kennis gestel word van die verhoordag van 'n aansoek om so 'n skuldbeslagorder ten opsigte van besoldiging en kan *mutatis mutandis* op die wyse in sub-artikels (2) tot en met (10) van artikel *vyf-en-sestig* bepaal aangesê word om te verskyn sodat ondersoek na sy omstandighede en algemene finansiële toestand ingestel kan word.

(5) Indien na die uitreiking van so 'n skuldbeslagorder ten opsigte van skuld of besoldiging ten genoë van die hof bewys word dat die vonnisskuldenaar, nadat aan die skuldbeslagorder voldoen is, nie genoegsame middele sal hê om homself en sy afhanklikes te onderhou nie, dan vernietig die hof die skuldbeslagorder of wysig hy dit op so 'n wyse dat dit slegs op die restant van sodanige skuld of besoldiging, bo en behalwe sodanige voldoende middele, sal inwerk.

(6) 'n Order ingevolge hierdie artikel kan te eniger tyd, mits gegronde redes aangevoer word, deur die hof opgeskort of gewysig of vernietig word.

(7) Indien dit blyk dat daar onvoldane vorderings aan ander skuldeisers verskuldig is, kan die hof die aansoek uitstel ten einde die vonnisskuldenaar in die geleentheid te stel om 'n administrasie-order kragtens artikel *vier-en-sewentig* aan te vra.

(8) Wanneer 'n vonnisskuldenaar op wie 'n skuldbeslagorder betrekking het die diens van die beslagskuldenaar verlaat voordat die vonnisskuld ten volle vereffen is, kan die vonnisskuldeiser 'n gesertifiseerde afskrif van die skuldbeslagorder op enige nuwe werkgewer van die vonnisskuldenaar laat dien, tesame met 'n afskrif van 'n beëdigde verklaring deur hom afgeleë, waarin die betalings deur hom sedert die uitreiking van die skuldbeslagorder ontvang, vermeld word. Sodanige skuldbeslagorder bind daarop die werkgewer op wie dit aldus gedien is, en laasgenoemde word daarop in die plek van die oorspronklike beslagskuldenaar gestel, dog onderworpe aan die reg van die vonnisskuldenaar, die beslagskuldenaar of 'n ander belanghebbende party om die bestaan of geldigheid van die order en die juistheid van die gevorderde restant te betwis."

Wysiging van artikel 73 van Wet 32 van 1944.

18. Artikel *drie-en-sewentig* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur in sub-artikel (1) na die uitdrukking „paragraaf (c)” die uitdrukking „of (d)” in te voeg.

Wysiging van artikel 74 van Wet 32 van 1944.

19. Artikel *vier-en-sewentig* van die Hoofwet word hiermee gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) die uitdrukking „paragraaf (d) van sub-artikel (7)” deur die uitdrukking „sub-artikel (8)” te vervang;
- (b) deur in sub-artikel (3) die woord „sewe” deur die woord „veertien” te vervang;
- (c) deur in sub-artikel (5) na die woord „administrateur” die woorde „'n praktisyn of ” in te voeg en aan die end van genoemde sub-artikel die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:
„Met dien verstande dat geen praktisyn aldus aangestel word nie tensy en totdat hy ingestem het om aldus op te tree.”;
- (d) deur na sub-artikel (5) die volgende paragraaf in te voeg, waardeur die bestaande sub-artikel (5) paragraaf (a) word:
„(b) Nadat gegronde redes aangevoer is, kan die hof 'n administrateur van sy aanstelling onthef of hom dit ontnem.”;

(2) No such garnishee order in respect of any emoluments shall be granted upon the consent alone of the judgment debtor, but the court shall satisfy itself by examination of the judgment debtor or upon other sworn information that sufficient means will, after satisfaction of such order, be left to the judgment debtor to maintain himself and those dependent on him.

(3) Such a garnishee order may require the garnishee to pay periodically to the messenger definite amounts out of the emoluments of the judgment debtor.

(4) The judgment debtor shall be notified of the day of the hearing of an application for such a garnishee order in respect of emoluments and may be called upon *mutatis mutandis* in the manner provided for in sub-sections (2) to (10) inclusive of section *sixty-five* to appear for enquiry into his circumstances and general financial position.

(5) If, after any such garnishee order in respect of any debt or emoluments has been granted, it is shown to the satisfaction of the court that sufficient means to maintain himself and those dependent upon him will not, after satisfaction of the garnishee order, be left to the judgment debtor, the court shall set aside the garnishee order or vary it in such manner that it will affect only the balance of the debt or emoluments over and above such sufficient means.

(6) Any order under this section may at any time and for good cause be suspended, varied or rescinded by the court.

(7) The court may, if it appears that there are unsatisfied claims owing to other creditors, postpone the application to enable the judgment debtor to make application for an administration order under section *seventy-four*.

(8) Where a judgment debtor affected by a garnishee order leaves the employment of a garnishee before the judgment debt is fully satisfied, the judgment creditor may cause a certified copy of the garnishee order to be served upon any new employer of the judgment debtor, together with a copy of an affidavit sworn to by him specifying the payments received since the issue of the garnishee order. Such garnishee order shall thereupon be binding upon the employer so served, who shall then be substituted for the original garnishee, subject however to the right of the judgment debtor, the garnishee or any other interested party to challenge the existence or validity of such order and the correctness or accuracy of the balance claimed."

18. Section *seventy-three* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the expression "paragraph (c)" of the expression "or (d)".

Amendment of section 73 of Act 32 of 1944.

19. Section *seventy-four* of the principal Act is hereby amended—

Amendment of section 74 of Act 32 of 1944.

- (a) by the substitution in sub-section (1) for the expression "paragraph (d) of sub-section (7)" of the expression "sub-section (8)";
- (b) by the substitution in sub-section (3) for the word "seven" of the word "fourteen";
- (c) by the insertion in sub-section (5) after the word "administrator" of the words "a practitioner or" and the addition at the end of the said sub-section of the following proviso:

"Provided that no practitioner shall be so appointed unless and until he has agreed so to act.";
- (d) by the insertion after sub-section (5) of the following paragraph, the existing sub-section (5) becoming paragraph (a):

"(b) An administrator may on good cause shown be relieved or deprived by the court of his appointment.";

- (e) deur na sub-artikel (8) die volgende paragraaf in te voeg, waardeur die bestaande sub-artikel (8) paragraaf (a) word:
 - „(b) Indien 'n skuldenaar versuim om sy skulde in bepaalde periodieke paaielemente te vereffen, is die bepalings van sub-artikel (9) van artikel vyf-en-sestig *mutatis mutandis* van toepassing.”;
- (f) deur in sub-artikel (9) na die woorde „verskuldig is” die woorde „en kan van tyd tot tyd die naam van enige skuldeiser wat uit die oorspronklike lys weggelaat was en die bedrag aan daardie skuldeiser verskuldig, by sodanige lys byvoeg indien die skuld op die datum waarop die administrasie-order toegestaan is, reeds aangegaan was.”;
- (g) deur in sub-artikel (10) na die woord „skuldeisers” die woorde „tensy al die skuldeisers andersins ooreenkom” in te voeg;
- (h) deur na sub-artikel (10) die volgende paragraaf in te voeg, waardeur die bestaande sub-artikel (10) paragraaf (a) word:
 - „(b) Indien die skuldenaar te eniger tyd veertien dae agterstallig is met die betaling van enige paaielement, stel die administrateur die skuldeisers onverwyld daarvan in kennis.”.

Vervanging van artikel 90 van Wet 32 van 1944.

20. Artikel *negentig* van die Hoofwet word hiermee deur die volgende nuwe artikel vervang:

„Plaaslike grense van regsgebied.

90. (1) Behoudens die bepalings van artikel *negen-en-tagtig*, kan iedereen wat beskuldig word van 'n misdryf binne 'n distrik of 'n streek-afdeling gepleeg, deur die hof van daardie distrik of daardie streek-afdeling, na gelang van die geval, verhoor word.

(2) Wanneer iemand beskuldig word van 'n misdryf—

(a) gepleeg binne die afstand van twee myl oor die grens van die distrik of van die streek-afdeling; of

(b) gepleeg in of op 'n vaar- of voertuig gedurende 'n reis waarvan enige gedeelte binne die afstand van twee myl van die distrik of van die streek-afdeling afgelê is; of

(c) wat binne die distrik of binne die streek-afdeling begin of voltooi is,

kan so iemand deur die hof van die distrik of van die streek-afdeling, na gelang van die geval, verhoor word, asof hy van 'n misdryf wat onderskeidelik binne die distrik of binne die streek-afdeling gepleeg is, beskuldig gestaan het.

(3) Wanneer dit onseker is in welke van verskeie regsgebiede 'n misdryf gepleeg is, kan so 'n misdryf in enigeen van daardie regsgebiede verhoor word.

(4) Iemand wat van 'n misdryf beskuldig word, kan verhoor word deur die hof van enige distrik of enige streek-afdeling, na gelang van die geval, waarin 'n handeling of versuim of gebeurtenis wat 'n bestanddeel van die misdryf uitmaak, plaasgevind et.

(5) Iemand wat beskuldig word van diefstal van goed of van die verkryging van goed deur middel van 'n misdryf, of van heling, kan ook verhoor word deur die hof van enige distrik of enige streek-afdeling, na gelang van die geval, waarin hy enige gedeelte van die goed in sy besit het of gehad het.

(6) Iemand wat beskuldig word van ontvoering, kinderdiefstal of skaking kan ook verhoor word deur die hof van enige distrik of enige streek-afdeling, na gelang van die geval, waardeur of waarin hy die ontvoerde, gestole of geskaakte persoon vervoer, verberg of aangehou het.

(7) Wanneer 'n magistratshof uit hoofde van 'n besondere wetsbepaling regsbevoegdheid het ten aansien van 'n misdryf wat buite die plaaslike grense van die distrik of van die streek-afdeling, na gelang van die geval, gepleeg is, dan word sodanige regsbevoegdheid nie deur die bepalings van hierdie artikel aan die hof ontnem nie.

(8) Ondanks die bepalings van hierdie artikel, kan die Prokureur-generaal, met die toestemming van die persoon wat daarvan beskuldig word dat hy 'n misdryf binne die regsgebied van sodanige

- (e) by the insertion after sub-section (8) of the following paragraph, the existing sub-section (8) becoming paragraph (a):
“(b) If a debtor fails to comply with an order to pay his debts by specified periodical instalments, the provisions of sub-section (9) of section *sixty-five* shall *mutatis mutandis* apply.”;
- (f) by the insertion in sub-section (9) after the word “individually” of the words “and may from time to time add to such list the name of any creditor omitted from the original list and the amount due to such creditor, if the liability had been incurred at the date of the granting of the administration order”;
- (g) by the insertion in sub-section (10) after the word “creditors” of the words “unless all creditors otherwise agree”; and
- (h) by the insertion after sub-section (10) of the following paragraph, the existing sub-section (10) becoming paragraph (a):
“(b) Should the debtor at any time be fourteen days in arrear in payment of any one instalment the administrator shall forthwith notify the creditors of that fact.”.

20. The following new section is hereby substituted for section *ninety* of the principal Act: Substitution of section 90 of Act 32 of 1944.

“Local limits of jurisdiction.

90. (1) Subject to the provisions of section *eighty-nine*, any person charged with any offence committed within any district or regional division may be tried by the court of that district or of that regional division, as the case may be.

(2) When any person is charged with any offence—

- (a) committed within the distance of two miles beyond the boundary of the district, or of the regional division; or
- (b) committed in or upon any vessel or vehicle on a voyage or journey any part whereof was performed within the distance of two miles of the district or of the regional division; or
- (c) begun or completed within the district or within the regional division,

such person may be tried by the court of the district or of the regional division, as the case may be, as if he had been charged with an offence committed within the district or within the regional division respectively.

